



## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Saakgelastigde:

De Langestraat 5  
BELLVILLE  
7530

Ds AH Minnaar

Privaatsak X8  
BELLVILLE  
7535

PBO: 9300 13251

021 957 7104  
bossie@kaapkerk.co.za  
www.kaapkerkadmin.co.za

### *Deuroffers en Covid-19*

1. Die Covid-19 pandemie het Suid-Afrika in Maart 2020 in alle erns getref. Gemeentes werk aktief mee om 'n geskikte sosiale afstand te bewerkstellig en het dus ook grotendeels eredienste afgestel. Wat nou gemaak met die deuroffers wat gewoonlik op Sondag opgeneem word? Deuroffers is om uiters belangrike redes deel van die kerk se gewoontes:
  - (1) Dit gaan uiteraard om die broodnodige finansiële ondersteuning.
  - (2) Dit gaan egter ook om die bekendmaking van die betrokke saak en die voorbidding vir hierdie instansie. Dit help om lidmate 'n bewussyn te gee van die wye verskeidenheid van sake waarmee en waar die kerk besig is.
2. Indien instansies nie meer deuroffers gaan ontvang nie, skep dit vir hulle 'n groot finansiële probleem. Enkele deuroffers se syfers van die vorige finansiële jaar vertel die verhaal op sy beste:

Badisa	250 378,67
Bediening aan die Dowes	274 517,95
Bybelgenootskap	396 773,54
Hugenote Kollege	109 987,85
Innovation for the Blind	207 050,13
Kweekskool	268 116,63
Nasionale Instituut vir Dowes	266 244,00
Straatwerk	131 329,03
3. Gemeentes word dus sterk aangemoedig om 'n plan te maak om steeds deuroffers te kan insamel. Hier volg enkele voorstelle:
  - 3.1 Hou aan om die spesifieke Sondag se deuroffers (soos vooruit beplan) in die gemeente se kommunikasie aan lidmate deur te gee. Noem dit in die aanlynprek en bid vir die saak! Vra lidmate om spesiaal iets vir die betrokke saak te gee. Herinner gerus aan die vrywillige beginsel soos in Eksodus 35 ("elkeen wat wou") en 2 Korintiërs 9: 7 ("Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het..."). Lidmate kan steeds aangemoedig word om hulle dankoffer elektronies te gee en per epos aan te dui dat 'n bedrag (noem die syfer) of 'n persentasie vir die spesifieke deuroffer moet gaan.
  - 3.2 'n Alternatief is om aan die gemeente te noem dat 10% van die offers wat elektronies ontvang word, aan die spesifieke deuroffer toegeken sal word. Die 10% kan vervang word met die gemeente se eie berekening van die normale verhouding tussen erediensoffers en deuroffers.
  - 3.3 Gemeentes sou ook die vorige finansiële jaar se syfers kon gebruik en 'n soortgelyke bedrag aan die instansie kon skenk (uit erediensoffers). Voorbeeld: As die Blindes se deuroffer in 2019 R5 000 was en daar nie vanjaar 'n erediens met 'n deuroffer vir hulle is nie, gee vanjaar weer vir hulle R5 000.
  - 3.4 'n Laaste alternatief (nie wenslik nie) is om die hele rooster vir deuroffers weer nuut op te stel wanneer eredienste weer hervat word. Die dertien verpligte deuroffers kan dan later in die jaar en voor 28 Februarie 2021 ingedruk word.
4. Skakel gerus met Danelle Jordaan ([finadmin@kaapkerk.co.za](mailto:finadmin@kaapkerk.co.za)) of Bossie Minnaar ([bossie@kaapkerk.co.za](mailto:bossie@kaapkerk.co.za)) oor deuroffers. Onthou ook die webblad met allerlei besonderhede oor elke deuroffer: <https://www.kaapkerkadmin.co.za/deuroffers/>  
Inligting oor Covid-19 kan hier gekry word: <https://www.kaapkerkadmin.co.za/koronavirus/>

Ds AH (Bossie) Minnaar  
23 Maart 2020